Kom geniet ‘n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Tema 6 – Die Vrug van die Gees is Getrouheid

Uitkoms

Kinders kies om aan God en die mense rondom hulle getrou te wees.

Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.
Youtube - https://youtu.be/2UbwyXyeIJQ (ongeveer 16.0MB / 03:42)

Boodskap – Tannie Babs

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur tannie Babs.
Youtube - https://youtu.be/t6_J1O28lAQ (ongeveer 10.2MB / 07:48) OF
MP3 - http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodskap06.mp3 (0.87MB / 07:22)

Memoriseervers

Johannes 15:5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Storie

Die twee vriende

Twee vriende wat baie lief was vir mekaar het in twee verskille stede gewoon. Albei die stede is deur twee verskillende konings oorgeneem. Op ‘n dag het die een man na die ander stad gereis om by sy geliefde vriend te gaan kuier. Daar is hy egter gevange geneem en ter dood veroordeel omdat hulle gedink het dat hy ‘n spioen van die ander koning was.

Die veroordeelde man het gevra om die koning te sien en het hom gesmeek om asseblief sy vonnis uit te stel. “Waarom?” wou die koning weet. Die man verduidelik dat hy ‘n bekende handelaar in sy stad was en dat daar baie mense was wat hom nog geld skuld. As hy sou doodgaan, sou hy sy vrou en kinders in armoede agterlaat, want hulle weet nie wie hom geld skuld nie. “Laat my huis toe gaan om my sake in orde te kry en my gesin te groet,” smeek hy.

“Maar hoe kan ek seker wees dat jy weer sal terugkom?” vra die koning.

“My vriend, wat hier in die stad woon, sal my plek inneem totdat ek terug is,” antwoord die man. Sy vriend was ook gewillig om sy plek in te neem, maar die koning waarsku: “As jy nie binne 30 dae terug is nie, sterf jou vriend in jou plek.”

Na 30 dae was daar nog geen teken van die handelaar nie. Die koning het beveel dat die vriend se kop afgekap moes word. Net toe die swaard gelig word, kom die handelaar daar aan. “Stop! Hier is

ek!" roep hy en kom regstaan vir die swaardhou. Sy vriend het egter aangedring dat hulle die swaard weer op sý nek moes sit. Later het die twee vriende gestoei oor wie moes sterf.

Die koning het alles uit sy venster dopgehou en kon nie glo wat hy sien nie. Hy het die vriende geroep en vir hulle gesê: "Ek het nog nooit sulke liefde tussen vriende beleef nie. Mag ek julle vriend wees?" Die twee vriende was maar te bly om aan die koning se versoek te voldoen!

Bespreek:

1. "Ek het my vriend/in belowe om hom/haar na my partytjie te nooi, maar nie een van die ander maats wil hom/haar daar hê nie. Wat moet ek nou doen?"

Aktiwiteit

Sien volgende bladsye vir aktwiteite vir graad 1 tot3 en graad 4 tot 6.

GETROUHEID – Papiergesiggies

Tannie Babs het vertel toe sy en haar man getrou het, het hulle belowe om altyd en altyd vir mekaar lief te wees. Hulle doen wat hulle gesê het hulle sal doen. Hulle is getrou aan mekaar.

Wys dat die Heilige Gees ook in jou woon deur getrou te wees.

Benodighede. Gebruik enigiets in jou huis om hierdie getroue papierpoppe te maak. Tydskrifte, koki's, kryte, knope, geskenkpapier. Enigiets kan gebruik word om gesiggies te versier.



Neem een A4 grootte wit papier.

Vou die A4 papier eenkeer in die helfte.

Vou die A4 papier eenkeer in die helfte en dan weer 'n keer.



Vra mamma om te help om die buitelyne van 'n gesiggie te trek. Onthou om net die helfte van 'n gesiggie te trek waar die papier gevou is.



Knip al om die lyne uit

Vou versigtig oop

Nou kan jy jou gesiggies inkleur of plak na hartelus.